

Sondag 21 Mei

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 7:10-16

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 7:12, 13 (AFR83)

Moenie jou positiewe invloed op jou huweliksmaat onderskat nie

Die bekende spreekwoord sê: *“Agter elke suksesvolle man staan daar ’n vrou.”* Dié spreekwoord sê iets van die besonder positiewe invloed wat ’n vrou op haar man kan hê. Die apostel Paulus wys in ons fokusverse op dieselfde invloed van huweliksmaats op mekaar.

Destyds was daar gevalle waar ’n man of vrou wat getroud is, later tot geloof gekom het, terwyl die huweliksmaat ongelowig gebly het. Die vraag wat die Korintiërs aan Paulus gevra het, was: *Moet so ’n gelowige man of vrou dan van die ongelowige huweliksmaat skei?*

Paulus antwoord negatief op die vraag. Hy wys op die feit dat die ongelowige huweliksmaat deur sy/haar band met die gelowige een vir God aanneemlik is. Boonop gaan dit oor hulle kinders wat ook op grond van net die een gelowige ouer geheilig is en aan God behoort.

As die ongelowige man of vrou in die huwelik wil bly, is daar ’n wonderlike geleentheid vir die gelowige se soute en lig om verandering in daardie persoon se lewe te bring. Waar is daar ’n beter geleentheid as juis binne ’n huwelik vir ’n gelowige om ’n positiewe invloed te wees?

Die apostel Petrus beklemtoon ook hierdie feit: *“As daar van julle is met mans wat nie die woord van God glo nie, en die mans sien hoe godvresend julle is en hoe voorbeeldig julle julle gedra, sal hulle vir Christus gewen kan word deur die gedrag van hulle vrouens. Dit sal nie eens vir julle nodig wees om ’n woord te sê nie”* (1 Pet. 3:1-2).

Bid dat die Heilige Gees aan huweliksmaats die krag gee om wedersyds ’n positiewe invloed op mekaar binne die huwelik te wees.

Sing: Psalm 118-1:7

Dr. DJ de Kock (Danie) (emeritus)